

LUKAS 16 (3) - RENTMEESTERSKAP

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

Tema: RENTMEESTERSKAP

SKRIFVERWYSINGS IN HIERDIE LESING

LUKAS 16:11 As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou?

LUKAS 16:12 En as julle nie getrou was in 'n ander se goed nie, wie sal aan julle jul eie gee?

LUKAS 16:13 Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie.

MATTHÉÛS 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

-o0o-

Ek hoop julle kan die riglyn begin bepaal van nie net te gee nie, maar

- om getrou te wees in dit wat God vir jou gegee het op aarde en
- om dit reg te bestuur, as 'n middel tot 'n ewigheidsdoel.

Dit moet nie 'n sambok word nie. As jy satan toelaat, gaan die seëninge van die Here vir jou 'n sambok word. Die seëninge van die Here moet 'n bousteen in jou lewe wees in die ewigheid.

1. FISIESE EN GEESTELIKE GAWES

LUKAS 16:11 As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou?

Dit is nie ek wat so sê nie. Dit is die Bybel wat so sê. Hier praat die Here direk van geld.

- As jy nie getrou was met geld nie, wie sal vir jou die geestelike gawes gee?

Onthou geld is ook 'n gawe. Die Here sê ook so. Dit is 'n aardse gawe. Jy kry fisiese gawes, en geestelike gawes. Tyd is 'n fisiese gawe. Om ma, pa of kind te hê is fisiese gawes wat God vir jou gegee het. Dit wat jy het, soos jou huis, is fisiese of aardse gawes. As jy nie getrou was in die onregverdige Mammon, die aardse gawe geld, wie sal julle die ware goed, die geestelike gawes, toevertrou?

- Nou kan julle verstaan hoekom so baie mense geestelik arm is.

Jy doen 'n uitreiking waar jy mense leer en jy gee vir mense alles wat die Here vir jou gegee het. Oor ses maande kom jy weer daar en dan bemerk jy net so 'n klompie mense wat uitgestyg het, maar die ander hoor of sien jy nie eers nie.

Ons het al baie mense gehelp tydens uitreikings. As ons by die uitreikings kom, sien ons regtig behoeftes in 'n huis en dan voorsien ons in die behoeftes. Volgende keer kan ons sien dat hierdie persoon die Here geëer het. Hy het besef dat dit nie ons is nie, maar God wat dit gegee het. Jy kan die geestelike groei in daardie persoon se lewe sien. Jy kan die gawes deur so 'n persoon sien begin funksioneer en dat hy hier raakgevat het.

Dan moet ek baie hartseer sê dat 'n ander persoon net verdwyn het. Môre of oormôre is sy lewe verwoes en hy dien nie eers meer die Here nie. Hoekom?

-o0o-

- Dit is omdat hy geestelik arm is.
- Daar is niks wat sy gees kan bou nie.
- Hy fokus op sy fisiese lewe en fisiese goed.

Matthéüs 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

- As jy op die geestelike fokus, sal jy nooit eers hoef te bid vir die fisiese nie, want **al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.**

Vra maar vir die manne en vroue wat hul besighede bedryf op die koninkryk beginsels. Hulle bid nie eers meer vir hulle besighede, vir kliënte of dat skuld afbetaal word nie. Jy hoef nie eers meer vir daardie goed te bid nie. Hoor wat ek vandag vir julle sê mense, ek weet waarvan ek praat.

Die Here sal vir jou sorg Elia. Hy sal die kraai stuur. 'n Kraai wat 'n roofvoël is, sal Hy stuur met brood en vleis om vir jou by die spruit kos te bring. Die wêreld sal verstom staan oor hoe dit met jou gaan. Ek weet waarvan ek praat.

- So begin om die Woord van God te lewe en reg te doen.
- Jy het 'n verantwoordelikheid om te praat.

2. SLYPINGSPROSES

Hy sê in die begin **want die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig.**

Hierdie vers sal veral na vandag, nooit meer in jou lewe hoef sin te maak nie. Veral nadat jy hierdie leringe deurgegaan het en dit begin toepas. Die Here weet ek praat die waarheid, want dit staan geskryf. Ek is 'n voorbeeld hiervan. Ek moes deur hierdie goed leef vir 'n hele paar jaar, voordat die Here vir my die regte dinge geleer het. Ek het die ondervinding.

LUKAS 16:11 As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou?

Jy sal miskien aardse rykdom hê met baie geld, besittings en alles, maar jy sal so arm soos 'n kerkmuis wees, sê hulle. Dit is hartseer en dit het ons ook gesien. Jou gees verlang dan om betrokke te raak en deel te wees. Dit is hartseer om te sien hoe mense geestelik agter bly.

Ons kom dan op 'n punt wat 'n gevoelige een is. Dit is 'n inspuiting wat gegee is, wat nie altyd so lekker is nie.

- Dit is tog deel van God se raadsplan.
- Dit is deel van God se werk en
- Deel van hierdie hele opvoedingsproses.
- Dit is deel van die slypingsproses van ons hier op aarde.
- Dit is deel van die kap van die klippe.

3. LEWENSHOUDING VAN SORG EN GETROUHEID

LUKAS 16:12 En as julle nie getrou was in 'n ander se goed nie, wie sal aan julle jul eie gee?

Daardie paar rand wat jy geleen het by 'n broer of suster van jou, daardie CD, DVD of boek. Dit maak nie saak wat nie.

- Enige iets wat jy by iemand anders geleen het, is nie jou eiendom nie.

Die persoon wie s'n dit is, het die verantwoordelikheid by God gekry om daardie ding op te pas en geestelike met dit handel te dryf.

Ek kan net eenkeer 'n boek lees. Mense kom by my en dan vat hulle sommer net boeke uit my boekrak. Oor 'n dag of drie sê iemand dat hy hoop nie dat ek omgee nie, maar hy het hierdie en daardie boek gevat. Boeta, vra nou vir daardie boek terug, dan sien jy hoe is die herrie los! Ek praat nie van môre nie, maar miskien oor 'n jaar. Jy is dan so 'n ongelowige mens, jy vertrou nie en jy is nie so nie.

- Die Bybel sê dat as jy **nie getrou was in 'n ander se goed nie** jy nooit jou eie sal ontvang nie.

Dit is waarom ek skuld so haat. Nie eers by die munisipaliteit nie. As ek 'n rekening kry, staan ek op en gaan betaal dit onmiddellik. By my bestaan daar nie so 'n ding dat ek net op 'n sekere dag rekenings betaal nie.

- Die Bybel sê dat ek niemand iets mag skuld nie, behalwe liefde.

As ek iets geleen het by iemand, maak ek 'n punt daarvan om dit so gou as moontlik terug te gee aan wie dit behoort, in dieselfde toestand, of beter as waarin ek dit gekry het. Dit is nog altyd sy eiendom.

- God het dit in sy hande geplaas om die Koninkryk van God mee uit te brei.

Jy kan nie daardie boek vat en dit vir jouself toe-eien nie. Daar het al soveel van my boeke, CD's of DVD's weggegaan. Dit is duisende rande se goed. Ek het nou die dag een wat ek vir iemand wou leen, gesoek. Dit is net weg. Ek kon dit nie kry nie en weet nie waarheen dit is nie; nou moet ek geld vat en 'n ander een koop. Daar is nou 'n leemte in die bediening, want ek benodig daardie boek of CD. Geld wat ek vir iemand anders kon gebruik het, moet ek nou so gebruik om daardie leemte aan te vul, want iemand sit met daardie boek of CD. Ek praat 'n baie eenvoudige taal, maar hierdie dinge het seker die meeste van ons al oorgekom.

- Pasop wat jy doen met goed wat aan ander behoort.
- Sorg dat dit so vinnig moontlik teruggegee word aan daardie persoon, al moet jy gebrek ly.
 - Jy ly juis gebrek omdat God nie vir jou kan gee nie.

Satan gaan vir jou bedrieg (counterfeit), so seker as wat ek lewe. Al bid jy hoe, al maak jy wat en al doen jy hoe. Jy sal nooit iemand anders se goed kan besit nie – **'n ander se goed** sluit alles in.

Ek leen vir jou my kar. Hoe gaan jy met my kar werk? Gaan jy my kar beter oppas as wat jy jou eie motor oppas, of gaan jy my kar se deure toeslaan, my kar vuil maak en bemors? Hoe gaan jy my kar oppas? Dit is nie jou kar nie, dit is my kar. Ek het dit net vir jou geleen vir 'n middel tot 'n doel. Hoe gaan jy hom in my hande terug plaas?

Ek onthou so goed. Ek het een jaar vir 'n sendeling paar van Israel, my bakkie geleen. Ek was Suid Afrika toe gewees en het dit vir hulle vir drie weke geleen, om hier in Namibië gratis te toer. Ek het nie 'n sent daarvoor gevra nie; dit het hulle gehelp om hulle geld te spaar, want dit sou hulle baie gekos het om vir drie weke 'n bakkie in Namibië te huur. Toe ons terug vlieg, kry ons hulle die dag op die lughawe. Hulle moes terugvlieg na Suid Afrika en die bakkie terug besorg. Ons vlugte het oorvleuel. Terwyl ons solank saam koffie drink, sê die man vir my ek moet gou saam met hom kar toe stap. By die bakkie haal hy 'n strokie uit en hy sê dat ek vir hom R160 skuld. Ek vra toe hoekom en hy antwoord dat hy 'n water lek op een van die pypies moes laat reg maak en daarom skuld ek hom R160. Ek het amper op my rug geval. Hy het vir drie weke lank, oor die drie duisend kilometer met my bakkie gery. Die van julle wat al karre gehuur het sal weet wat dit kos om 'n 4X4 voertuig in Namibië te huur. As jy oor drie duisend kilometers ry vir drie weke lank sal dit vir jou 'n aardige bedraggie kos. Ek moes net daar R160 uithaal om vir daardie man terug te gee.

Ek het dit gegee met die liefde in my hart, sodat hy nooit 'n aanklag teen my kon kry nie. Dit wys nou net vir jou. Daardie mense is daarna uit Israel geskop en voer vandag 'n sukkel bestaan - dit is die manier waarop hulle gelewe het.

Ek wil nie vandag kritiseer nie. Ek wil net vir julle voorbeelde gee waar ek gesien het dat hierdie Skrifte tot vervulling kom.

4. TWEE HERE

Hy sê aan die einde

LUKAS 16:13 Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie.

Jy het vandag 'n besluit wat jy moet neem.

- Dit is, of die lewe wat met jou swaar gaan en wat jy maar gelewe het,
- óf die Woord.

Dit is een van die twee. Jy kan jouself vandag op die weegskaal plaas. Laat die Gees van God self met jou vandag werk. Deursoek jouself. Al wat ek sê is - die Bybel sê: jy kan nie **twee here dien nie**.

- Jy kan 'n afgod maak van Mammon, nie doen wat God sê nie, jou eie wil bo God se wil plaas, óf
- jy kan hierdie woord wat ek vir jou gee, vandag aanneem en jou lewe verander.

Jou lewe sal outomaties self verander word. Satan moet dan sy kloue van jou afhaal, want nou begin jy die Woord te lewe. Die Woord kan dan nou eers, opstaan in die hemel se hof en jou in die hemel se hof verteenwoordig, maar nie voor die tyd nie.

Die Here seën vir julle.

Mag die Here elke oor seën wat hoor wat die Gees in die gemeente sê.

Mooi dag vêrder.

-o0o-

Rentmeesterskap is die verantwoordelike bestuur, versorging en beheer van hulpbronne, tyd, talente en die skepping wat aan iemand toevertrou is, met die erkenning dat God die uiteindelijke Eienaar is. Dit behels om hierdie gawes tot eer van die Skepper te gebruik en te laat toeneem.